

**AFRIKAANS HUISTAAL
GRAAD 11 & 12
LITERÊRE TEORIE IN 'N NEUTEDOP: POËSIE**

Hierdie aantekeninge is opgestel om jou as leerder in staat te stel om tuis selfstudie en hersiening te doen.

Hoe kan ek 'n gedig ontleed?

(Hierdie aantekeninge is veral van toepassing op die ontleding van 'n **ongesiene gedig**. Die wenke kan ook toegepas word indien jy 'n opstel oor 'n gedig moet skryf – veral indien jy letterkunde op universiteit wil studeer.)

Om 'n gedig te lees, is gewoonlik 'n persoonlike ervaring. Jou gevoel oor 'n gedig sal waarskynlik nie dieselfde wees as almal anders in die klas nie. Dit is een van die aspekte wat poësie spesiaal maak – dit spreek op verskillende maniere tot verskillende mense. Die probleem is dan om jou **subjektiewe** ervaring en mening op 'n **objektiewe** manier te verduidelik.

Analise (om te ontleed) beteken dat jy vir iemand anders kan verduidelik hoekom 'n gedig (volgens jou) goed of swak is. Dit is belangrik om te beseef dat kritiek oor die **onderwerp** nie geldig is nie. Jy kan byvoorbeeld nie die volgende sê nie: “Die gedig gaan oor bendegeweld en ek hou nie van bendegeweld nie; daarom hou ek nie van die gedig nie.” Dit is ongeldige kritiek. Analise gaan eerder oor die manier waarop die gedig geskryf is. Wat het die digter met beelde, ritme, rym, metafore, ensovoorts uitgerig om 'n goed of swak geskrewe kunswerk (gedig) te skep? Om dit te doen, moet jy gewoonlik 'n gedig eers 'n paar keer aandagtig lees.

Stap 1: Lees die gedig twee keer aandagtig deur. Die eerste keer lees jy om te verstaan waaroor dit gaan. Maak eers seker jy verstaan die letterlike betekenis.

Stap 2: Kyk na die beelde en metafore in die gedig. Maak 'n lysie as dit jou help. Skryf neer watter metafore watter idees verteenwoordig.

Stap 3: Kyk na die rymskema en struktuur van die gedig. Vra jouself af hoekom die digter die spesifieke rymskema of versvorm gebruik. Werk dit vir hierdie gedig? Hoe sou dit anders wees met 'n ander struktuur? Is daar dalk 'n meer gepaste struktuur?

Stap 4: Vra vrae oor die stem in die gedig. Wat is die digter se houding teenoor die onderwerp of die karakters in die gedig? Hoe sluit dit aan by die tema van die gedig? Hoe sluit dit aan by die rymskema en struktuur van die gedig? Is dit effektief of nie? **(Onthou: Die digter is die persoon wat die gedig geskryf het. Die digter verskil van die spreker in die gedig. Byvoorbeeld: Die digter Thomas Deacon het die gedig “Vlug” geskryf. 'n Jong (Nama)meisie is die spreker in**

die gedig.)

Stap 5: Beplan jou analise. Hier moet jy besluit hoe jy self jou teks gaan skryf om aan die leser te verduidelik waarom 'n gedig "werk" of nie. Jy sal waarskynlik begin by die tema, besluit of die skrywer dit regverdig en effektief aanbied of nie, en dan stap vir stap verduidelik hoekom jy sê dit is effektief of nie. Jy sal hier stilstaan by beelde, metafore, tegniese aspekte soos rym en ritme, iets sê oor die stem in die gedig, en 'n boeiende slot skryf waarin jy al jou argumente opsom om ons te oortuig.

Literêre analise is 'n objektiewe aanbieding van 'n subjektiewe ervaring, maar uiteindelik is dit ook nie 'n eksakte wetenskap nie. Daar is nie een "regte antwoord" nie – smaak verskil en dit is 'n goeie ding in die kreatiewe veld. As jy jou subjektiewe ervaring goed genoeg op 'n objektiewe manier kan aanbied, sal jy eerstens meer mense van jou opinie oortuig, en tweedens jou eie smaak van literêre tekste ontwikkel.

HOE ONTLEED ONS DUS 'N GEDIG? (OPSOMMING)

- Watter leidrade gee die titel vir die leser? Gee dit enige historiese, biografiese of politieke leidrade? Hoe sluit die titel by die res van die gedig aan?
- Is daar klankverbande tussen woorde?
- Wie is die spreker? Uit watter perspektief praat die spreker? Wat is die toon van die spreker? Wat is die ideologiese ingesteldheid van die spreker?
- Beeldspraak: metafore, simbole, vergelykings, personifikasie, enjambement
- Leestekens: Is daar enige leestekens? Watter funksie(s) het die leestekens?
- Tipografie: Kyk na die plasing van woorde in die versreël.
- Indien die gedig 'n sonnet is, wat is die struktuur? Wyk dit af van die tradisionele struktuur?
- Soek die betekenis van woorde wat jy nie ken nie in 'n woordeboek op.

Verstegniese aspekte

Metafoor, vergelyking en personifikasie

'n Metafoor is, volgens Malan e.a. (2009:285):

'n beeldende vorm van taalgebruik waar een ding gebruik word om 'n ander een met soortgelyke eienskappe te beskryf.

Twee funksies van die metafoor: (1) dit skep spanning en (2) dit verbind verbandhoudende werklikhede (twee sake wat met mekaar verband hou).

Dit is anders as by die **vergelyking, waar ons soos gebruik om een ding met 'n ander te vergelyk**. In 'n reël soos “my hand is jou dienende os” is die onderwerp van die metafoor *my hand*, terwyl *jou dienende os* dit is waarmee dit in verband gebring word. In die geval van 'n vergelyking sou die reël wees: “my hand is soos jou dienende os”.

Die metafoor word ook dikwels verwar met **personifikasie**, wat volgens Van Gorp (1984:233) **neerkom op 'n vorm van beeldspraak waarby lewelose dinge of voorwerpe as lewende wesens voorgestel word of van lewende eienskappe voorsien word**. Malan e.a. (2009:286) gebruik die volgende as voorbeeld: “Die wind sing 'n treurige lied in die grys oggendstilte”. Sodoende word die lewelose ding (wind) in terme van menslike eienskappe (sing en treurig) beskryf.

Vorm

Anders as die roman, word die gedig in 'n bepaalde vorm geskryf.

Gedigte bestaan uit **versreëls** en die spesifieke aantal versreëls bepaal watter tipe gedig dit is:

Twee reëls	koeplet
Drie reëls	tersine
Vier reëls	kwatryn
Vyf versreëls	kwintet
Ses reëls	sestet
Agt reëls	oktaaf
Veertien reëls	sonnet

Die **sonnet** is 'n klassieke versvorm en ons onderskei tussen 'n Engelse en 'n Italiaanse sonnet. Grové (1963:89) wys daarop dat die woord “sonnet” afgelei is van die Latyn *sonare*, wat “om te klink” beteken. In Nederlands word die sonnet dikwels 'n “klinkdicht” genoem. **Die Engelse sonnet bestaan uit 3 kwatryne en een koeplet en die rymskema van die sonnet is soos volg: abab cdcd efef gg**. Ons praat dus van die laaste twee reëls as die rymende eindkoeplet.

In die geval van die **Italiaanse sonnet, het ons 'n oktaaf en 'n sestet en daar is gewoonlik 'n wending in die sestet. Die rymskema is abba abba cdc cdc**.

Rym

Ook die **rymskemas** in die gedig word op bepaalde maniere beskryf.

Paarrym	aa bb
Omarmde rym	abba cddc
Kruisrym	abab cdcd

Wanneer bepaalde klanke in 'n reël herhaal word, bv konsonante, verwys ons daarna as *alliterasie* en wanneer vokale herhaal word, noem ons dit *assonansie*.

Dit dien egter geen doel om net die rymskema aan te dui nie. 'n Mens moet probeer vasstel wat die funksie daarvan is. Malan e.a. (2009:286) identifiseer die volgende funksies:

- (1) Dit skep 'n opvallende klankpatroon.
- (2) Dit dra by tot die atmosfeer van die gedig.
- (3) Dit is klankversterkend.
- (4) Dit dien as 'n bindmiddel tussen belangrike woorde.
- (5) Dit fokus die aandag – belangrike woorde word in rymposisies geplaas.

Vrye vers

In die eietydse poësie kom veral heelwat gedigte voor wat in **vrye vers** geskryf word en dit beteken dat die gedig nie 'n vaste rymskema het nie. Riccio (1980:117) wys daarop dat vrye vers nie beteken dat die gedig vormloos is nie. Digtters maak gebruik van klankherhaling of sekere woorde word dikwels herhaal. Hy meen die rede hoekom mense die vrye versvorm verkies, is omdat dit aan digters groter vryheid gee om hulle emosies en temas nie aan die beperkings van 'n vaste rymskema te onderwerp nie.

Digter versus spreker

'n Verdere kwessie wat belangrik is om in gedagte te hou by die lees van gedigte is die onderskeid wat ons tref tussen **digter** en **spreker**. **Die digter is die skrywer of outeur van die gedig, terwyl die spreker verwys na die instansie of stem in die gedig wat aan die woord is.** Die ek-spreker in 'n gedig is nie die digter nie, mits daar aanduidings in die gedig self gegee word. Die spreker hoef nie altyd 'n mens te wees nie, maar kan ook 'n dier of 'n ander voorwerp wees.

Bronnelys

Grové, A.P. 1963. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. Kaapstad: NASOU.

Malan, L. e.a. 2009. *Versjoernaal*. Kaapstad: Best Books.

Riccio, O.M. 1980. *The intimate art of writing poetry*. Lincoln: Authors Guild.
(www.iuniverse.com)

Van Gorp, H. e.a. 1984. *Lexicon van literaire termen*. Groningen: Wolters-Noordhoff.